

Mondstuk van die Suid-Afrikaanse aartappelbedryf • Mouthpiece of the South African potato industry

CHIPS

VOL 35 NO 01 • JANUARY / FEBRUARY 2021

**BESPROEINGSBESTUUR VIR
OPTIMALE AARTAPPELPRODUKSIE**

Die ekonomiese
impak van 2020 op
varsproduktemarkte

**MINIMUM WAGE INCREASE
AND THE POTATO INDUSTRY**

Oranjeville en Ceres
kultivar-evaluasies
onder die vergrootglas

Sebenzangamandla
on its way to reach
commercial status

Hulde aan 'n CHIPS-ikoon

Deur Dr Fienie Niederwieser en Hanrie Greebe, Aartappels SA

Sedert 2012 het *CHIPS* ontwikkel tot die vertoonvenster van die werk wat Aartappels SA (ASA) doen. Dit het nie vanself gebeur nie; dit was 'n ontwikkeling wat gevolg het ná Gawie Geyer se aanstelling as redakteur. Sy doel was om dié tydskrif na ongekende hoogtes te neem.

Na jare se diens in die bedryf was hy in die ideale posisie om dit te kon doen. Sy kennis en aanvoeling vir die aartappelbedryf se produsente het hom die geleentheid gegun om die inligting wat in *CHIPS* gepubliseer is, oor te dra in die 'aartappeltaal' van die bedryf.

Dit was altyd vir Gawie belangrik dat die werk van al vier kernbesighede in die tydskrif vertoon word. Uit die aard van die werk van die navorsings- en inligtingskernbesighede, sowel as die aantal projekte wat gedoen word, was dit

nog altyd moontlik om 'n aantal artikels vir elke uitgawe te voorsien.

Tog was dit vir hom belangrik om ál die kernbesighede van ASA se werk en prestasies te vertoon. Hy het hom dus in die tydskrif ook toegewy aan bewusmaking rondom die vordering wat gemaak word om opkomende boere in ASA se Transformasieprogram, tot kommersiële produsente te ontwikkel.

Hy het ook verseker dat ASA se doel om die aanvraag na aartappels te stimuleer, deur middel van bemarkingsartikels en resepte in *CHIPS* ten toon gestel word.

As gevolg van die verbintenis wat hy oor die jare met insetverskaffers opgebou het, kon Gawie elke jaar daarin slaag om genoeg advertensies te werf en inkomste te genereer. Dit het verseker dat *CHIPS* vir die produksie- en ver-

spreidingskoste van die publikasie kon betaal.

Toegewyd tot die einde

Wat die personeel van ASA in besonder waardeer het, is die feit dat Gawie en bladuitlegkunstenaar, Henco Schoeman, altyd bereid was om kritiese veranderinge of kennisgewings te akkommodeer ... dikwels op die nippertjie, en selfs wanneer die tydskrif al na die drukker gestuur is.

Baie dankie vir daardie ekstrapyle, Gawie. Jy het *CHIPS* opgebou van 'n nuusblaadjie tot ASA se vlagskippublikasie en trotse spreekbuis van die aartappelbedryf. Dankie vir die hoë standaard wat jy in *CHIPS* gevestig het – 'n vlak waarop daar in die toekoms gebou kan word. 🍌



Tribute to a CHIPS icon

By Dr Fienie Niederwieser and Hanrie Greebe, Potatoes SA

Since 2012, *CHIPS* has consistently grown to become a true reflection of the work that Potatoes SA (PSA) performs. This, however, did not happen overnight; it was a development that followed only after Gawie Geyer took up the position as editor. He set his sights on elevating the magazine to uncharted heights.

After years of service in the industry, he was in the ideal position to take on this task. His intuition and knowledge of producers enabled him to transform the information published in *CHIPS*, into the 'potato jargon' of the industry.

For Gawie, it was vital that all four of the core businesses be represented in the magazine. Due to the nature of the work performed by the research and

information core businesses, as well as the number of projects undertaken, it has always been possible to produce several articles for each issue.

However, Gawie considered it of great importance that all the work and achievements of the core businesses of PSA be showcased. He therefore committed himself to informing those in the industry of the important progress made to develop emerging farmers taking part in PSA's Transformation Programme, into commercial producers.

By publishing advertorials and recipes in *CHIPS*, he also ensured that PSA's intention to stimulate the demand for potatoes, was made evident.

The relationship that he had developed with input providers over the years, allowed Gawie to secure

enough advertisements and, in doing so, generate an income from the magazine. This ensured that *CHIPS* could cover its production and distribution.

Consistent dedication and loyalty

The staff members of PSA particularly valued Gawie's and layout artist, Henco Schoeman's unwavering willingness to accommodate critical changes or notices ... often at the last minute or even when the magazine had already gone to print.

We thank you for going the extra mile, Gawie. You elevated *CHIPS* from a newsletter to PSA's flagship publication and proud potato industry mouthpiece. Thank you for establishing *CHIPS* at such a high standard – one which sets the table for future growth. 🍌